SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

NASIONAAL | NATIONAL
saou@saou.co.za t: 012 436 0900 www.saou.co.za

Reg No: LR2/6/2/531

# MEDIAVERKLARING

VRYGESTEL OP 16 MAART 2026

EMBARGO: GEEN

## ETDP SETA WANBESTUUR 'N TOTALE SKANDE!

Die SAOU verwerp met smaad die handelinge van die ETDP SETA.

Die SETAs is geskep om vaardigheidsontwikkeling te fasiliteer, om die gaping tussen onderwys en die werkplek in te perk en om werkloosheid onder die jeug te verminder

Vir hierdie "waardetoevoeging" betaal Suid-Afrikaanse werkgewers 1% van die totale betaalstaat aan die Vaardigheidsheffing. Hierdie heffing het ten doel gehad dat die SETAs opleiding sou befonds.

Dis is daarom onaanvaarbaar om te verneem van die aantuigings dat R10 miljoen is "verkeerde rekenings" in betaal is, dat onbetaalde SARS boetes uitstaande is, maar oorwegend die is die multi-miljoen-rand huur skandaal van die ETDP SETA geboue wat onlangs op die lappe gekom het. Die ETDP SETA het volgens bewerings miljoene betaal vir die kantore in Marshalltown, wat nie veilig vir gebruik is nie en werkers noop om van hulle huise af te werk, wat dienslewering aan ernstig aan bande lê.

Hierdie absolute gebrek aan beheer en totale wanbestuur van fondse kan nie toegelaat word nie!

Opvoeders se vaardigheidsheffings word van hulle salarisse afgetrek, sonder dat hulle op die oomblik die werklike waarde daarvan kry. Fondse vir opleiding word vertraag met klein getalle opvoeders wat die nodige opleiding ontvang, dít terwyl miljoene aan verkwistende uitgawes vermors word.

Die SAOU steun die versoek van Minister Manamela vir die ETDP SETA om die nodige dokumentasie en verduidelikings vir hierdie situasie beskikbaar te stel.

Die SAOU kan nie toelaat dat hierdie gebrekkige beheer en wanbestuur van sy lede se fondse toegelaat word nie en voeg daarom sy stem by dié van ander belanghebbers om te versoek dat onmiddellike aanspreeklikheid van die ETDP SETA vereis word.

FEDUSA
t: 012 436 0900 | 086 072 6843 f: 012 348 9658 e: saou@saou.co.za w: www.saou.co.za
PO BOX/POSBUS 90120, GARSFONTEIN, PTA, 0042 | 278 SERENESTRAAT/SERENE STREET, GARSFONTEIN, PTA
REG NO: LR2/6/2/531